

## 24. Teologiese Skool

### 24.1 RAPPORT VAN DIE KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM (Artt.71, 90, 122, 133, 134, 136)

- A. Die Registrateur, mev. A du Toit, stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie : Teologiese Skool. Sake met finansiële implikasies word verwys na die Kommissie : Finansies.
- C. Die Sinode gaan in kamera wanneer 2.5.5 (Rapport) en 1.3.1 (Aanvullende Rapport) behandel word.
- D. Mnr. Nico Botha, die regsverteenvoerder van prof. MA Kruger, stel prof. Kruger se saak namens hom.
- E. **Besluit:** Die saak word verwys na die Kommissie : Teologiese Skool.
- F. Dr. WC Vergeer rapporteer namens die Kommissie : Teologiese Skool (2.5.5 en 1.3.1).
- G. Ds. EJ Tiemensma rapporteer namens die Kommissie : Teologiese Skool oor die finansiële implikasies.
- H. Ds. JB du Plessis rapporteer namens die Kommissie : Teologiese Skool.

#### I. RAPPORT

##### 1. Opdrag

Die Kuratorium van die Teologiese Skool Potchefstroom behartig die beheer en toesig oor die diens van opleiding wat deur die professore van die Teologiese Skool Potchefstroom verrig word, asook die toesig oor die teologiese studente. (*Prospektus van die Teologiese Skool van die GKSA Potchefstroom 1997:Hoofstuk 3*) (vgl *Acta 1988:400-403.*)

**Besluit:** Kennis geneem.

##### 2. Sake vir kennisname deur die Sinode

###### 2.1 Die Kuratorium

###### 2.1.1 Breë Kuratore

Die Breë Kuratore het op 10 Januarie 2000 'n spesiale beroepingsvergadering vir 'n professor in Ou Testament gehou. Prof. PP Krüger is beroep. Op 17 Januarie 2000 het die konstituering van die nuwe Kuratorium plaasgevind.

Die Breë Kuratore word DV ook op 11 November 2002 opgeroep vir 'n beroepingsvergadering vir 'n professor in Dogmatiek en die beroeping ter approbasie van ds. D Mashau vir die vakature in Missiologie wat met die emeritering van prof. F Denkema ontstaan aan die einde van 2002 (*sien 2.5.6 Kapasiteitsbouposte*).

###### 2.1.2 Onttrekking van Kuratore

Sinode Soutpansberg het in Junie 2001 die Kuratorium in kennis gestel dat die Sinode sy Kuratore aan die Kuratorium van die Teologiese Skool Potchefstroom onttrek.

###### 2.1.3 Benoemdes op die Raad van die PU vir CHO

Die ondergenoemde persone is deur die Kuratorium benoem op die Raad van die PU vir CHO namens die Kuratorium en namens die Trustees van die Administratiewe Buro:

November 2000: Dr. CJ Smit

November 2001: Dr. JL Ras, dr. PW Bingle, ds. RP van Wyk en dr. MC van Loggerenberg

**Besluit:** Kennis geneem.

## 2.2 *Die Senaat TSP*

### 2.2.1 Rektorat

Prof. A le R du Plooy is tydens die Kuratorevergadering van Junie 2000 vir 'n verdere termyn, vanaf 1 Januarie 2001 tot 31 Desember 2003, aangewys as Rektor van die Teologiese Skool. Prof. JM Vorster is vir dieselfde termyn aangewys as Viserektor. Prof. A le R du Plooy is ook deur die Fakulteitsraad herverkies as Dekaan van die Fakulteit tot Desember 2004.

### 2.2.2 Doserende personeel

#### 2.2.2.1 Publikasies

Sien ongepubliseerde Bylae A.

#### 2.2.2.2 Konferensies en seminare

Sien ongepubliseerde Bylae A.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 2.2.2.3 Vakatures

Die vakature in Etiek is gevul deur die verskuiwing van die opdrag van Etiek na prof. JM Vorster, wat ook 50 % van Kerk-en Dogmageskiedenis hanteer. Die professor wat DV November 2002 beroep sal word vir Dogmatiek, hanteer die ander 50% van Kerk- en Dogmageskiedenis.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 2.2.2.4 Emeritaat

Prof. JH van Wyk en prof F. Denkema emeriteer DV aan die einde van 2002.

**Besluit:** Die Sinode spreek sy besondere dank en waardering uit teenoor proff. JH van Wyk en F Denkema, wat aan die einde van 2002 geëmeriteer het, vir jarelange getroue diens en besondere toewyding in die kerk van die Here.

## 2.3 *Administratiewe personeel*

Die administratiewe personeel het sedert die Sinode 2000 onveranderd gebly.

**Besluit:** Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor die akademiese en administratiewe personeel van die Teologiese Skool vir hulle deeglike en getroue werk.

## 2.4 *Studente*

### 2.4.1 Afgestudeerde studente

Nege studente het aan die einde van 2000 afstudeer, sewe aan die einde van 2001 en na verwagting sewe aan die einde van 2002. Brr. J Smit en SP van der Walt het die Kandidaatsertifikaat verwerf, maar het toestemming van die Kuratore om tot aan die einde van 2002 voltyds doktorsgraadstudie te onderneem, voordat hulle by die Partikuliere Sinodes sal aanmeld vir eksaminering.

### 2.4.2 Kandidaats 1 tot 7 studente

Die nuwe Kandidaatsertifikaat wat sedert Januarie 2001 in werking getree het, strek oor die volle studietyd van die student. Studente skryf by die PU vir CHO in vir die BTh-graad en voltooi tegelyk Kandidaats 1-3. Die akademiese deel van Kandidaats 4 stem grootliks ooreen met Honneurs BTh, Kandidaats 5 met MDiv en Kandidaats 6 met MTh. Ten einde te verseker dat huidige Kandidaatstudente alle studiemateriaal tydens hul

opleiding dek, is daar in 2002 'n Kandidaats 7-groep wat sewe jaar studie aan die einde van 2002 voltooi. Die Kandidaats 6-groep van 2002 voltooi studie na ses en 'n halwe jaar (Junie 2003), en die Kandidaats 5-groep van 2002 voltooi studie DV na ses jaar aan die einde van 2003.

Die getal Kandidaatstudente in 2002 is soos volg:

Kandidaats 1: 19

Kandidaats 2: 8

Kandidaats 3: 4

Kandidaats 4: 11

Kandidaats 5: 5

Kandidaats 6: 5

Kandidaats 7: 7

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 2.4.3 Dissiplinêre sake

Geen studente se studies is sedert 2000 getermineer nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 2.4.4 Onderrig

Die implementering van die nuwe onderrigprogramme het met relatief min probleme gepaard gegaan. Waar nodig is geringe aanpassings aan die programme gemaak en die Senaat skenk steeds aandag aan enkele probleme. Studente vind die nuwe programme stimulerend en het die oorskakeling positief ervaar. Die integrasie van teologiese vakke in die voorgraadse program is veral sinvol. Die implementering het hoë eise aan personeel gestel ten opsigte van die opstel van nuwe uitgebreide studiegidse, meer onderrigperiodes en preekbegeleiding. Die finale evalueringsverslag soos deur die Senaat aan die Kuratore voorgelê, is goedgekeur.

**Besluit:** Kennis geneem. Prof. JM Vorster deel die Sinode mee, na aanleiding van 'n vraag dat die vak Apologetiek as deel van die vak Missiologie en Evangelistiek aangebied word en ook by ander vakke waar van toepassing.

### 2.5 Algemene sake

#### 2.5.1 Hersiening van die ooreenkoms van die GKSA met die PU vir CHO

Na aanleiding van die herstrukturering van die onderrigprogramme, nuwe arbeidswetgewing en die nuwe universiteitstruktuur het dit noodsaaklik geword dat die ooreenkoms tussen die GKSA en die PU vir CHO hersien en aangepas word en die Kuratore het in November 2001 besluit dat 'n kommissie vir die taak aangewys word. 'n Verslag sal DV in die Aanvullende Rapport aan die Sinode 2003 opgeneem word nadat die Kommissie aan die Kuratorevergadering van Junie 2002 rapporteer het.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 2.5.2 Buitelandse besoekers

Sien ongepubliseerde Bylae B.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 2.5.3 Buitengewone toelatings tot die bediening

Br. France Pogiso Mookisi is deur 'n Kommissie van die Senaat en Kuratore ondervra en eksamenpreke is beoordeel. Die Kuratore het in Junie 2002 die Kandidaatsertifikaat aan hom uitgereik.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 2.5.4 Toesig oor indiensopleidingsentra

Die Kommissie wat uit die geledere van die Kuratore aangewys is om die voortdurende toesig oor die indiensopleidingsentra te behartig, gaan steeds met die opdrag voort. Die Kuratore ontvang jaarliks verslag van die Kommissie. Die Kuratorium handhaaf die opdragte en rigting wat in die besluite van die Nasionale Sinode 1994 gegee is ten opsigte van die opleiding van predikante (kyk Acta 1994:699, 5.2).

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 2.5.5 Prof. MA Kruger

Op grond van sy openbare optrede en getuienis dat prof. MA Kruger hom nie aan die besluit van Sinode 2000 gehou het nie, het die Kuratore besluit dat die kerklike weg gevolg moet word en oorgegaan moet word tot KO, artt.79 en 80. Die Kuratorium het in November 2000 'n klag teen prof. MA Kruger geformuleer, maar nie in behandeling geneem nie. Prof. MA Kruger het daarna 'n regsverteenvoerder aangestel wat in korrespondensie met die Kuratorium getree het. Die Kuratorium het die advies van die Regsdeputate ingewin. Die Kuratorium het nie in Junie 2001 die klag laat dien nie, aangesien onderhandelinge op daardie stadium só gevorder het, dat gesprek tussen die partye kon plaasvind. Tydens die gesprekke is 'n ooreenkoms bereik op grond waarvan prof. Kruger onderneem het om nie sy standpunt in die openbaar te verkondig nie, en die Senaat versoek word om 'n diepgaande studie van die eksegetiese van Romeine 1:18-32 te doen. Prof. Kruger en ander kundiges is by die studie betrek. Die Kuratorium is tans in afwagting van die uitslag van die studie, op grond waarvan prof. Kruger se saak verder hanteer sal word.

**Besluit:** Kyk besluit by 1.3.1 – Aanvullende Rapport.

#### 2.5.6 Kapasiteitsbouposte

Die PU vir CHO het 'n projek van kapasiteitsbouposte geloots waardeur poste aan elke Fakulteit toegeken is, met die doel om aan jong belowende akademici ontwikkelingsgeleentheid te bied ten einde in doserende poste aangestel te word en so die personeelprofiel en –samestelling van die universiteit in ooreenstemming met die vereiste wetgewing te bring. Die aanvanklike koste van die poste word deur die universiteit gedra, waarna die fakulteite die finansiële las oorneem en uit eie fondse of uit ander bronne moet befonds.

In die geval van Fakulteit Teologie dra die universiteit die koste van twee poste vir twee en drie jaar onderskeidelik sedert 2001. Die Fakulteit het besluit om die Kuratore by die proses van werwing en keuring te betrek met die oog daarop dat broeders uit Sinode Soutpansberg en Sinode Middellande in die kapasiteitsbouposte aangestel word, wat uiteindelik by die aftrede van proff. F Denkema (einde 2002) en CJH Venter (einde 2003) ter approbasie voorgehou kan word vir die poste in Missiologie en Praktiese Teologie onderskeidelik. Die Kuratore het in November 2000 hul instemming met die voorgestelde proses betuig en die Fakulteit versoek om met die proses van werwing en keuring voort te gaan. Die keurkomitee het volgens die voorgeskrewe prosedure ds. D Mashau van Trans-Letaba (Sinode Soutpansberg) as lektor in Missiologie aangestel en ds. R Letsosa van Ikageng (Sinode Middellande) as lektor in Praktiese Teologie.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 2.5.7 Gesprek met die Deputate Teologiese Opleiding van Sinode Soutpansberg

Na aanleiding van die besluite wat in Junie 2001 deur die Sinode Soutpansberg geneem is, waaronder die onttrekking van hul Kuratore uit die Kuratorium van die TSP

en die herinstelling van 'n eie teologiese skool, het die Kuratorium 'n Beswaarskrif by Sinode Soutpansberg ingedien, maar dit is deur die Sinode in September 2001 afgewys.

'n Verdere gesprek tussen Sinode Soutpansberg en 'n Kommissie van die Kuratore en die Senaat het op 12 Junie 2002 plaasgevind, waartydens die Deputaten Correspondentie en Zending van die CGK adviserend opgetree het. Die Kuratore van Sinode Middellande is ook by die gesprek betrek. 'n Kommissie bestaande uit drie lede uit elke Sinode sal die huidige teologiese opleiding ondersoek om te bepaal of dit aan al die kerke se opleidingsbehoefte voldoen. 'n Eerste verslag van die kommissie sal DV in Januarie 2003 gelewer word.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 2.5.8 Publikasie van TSP geskiedenis

'n Aanbod van prof. PF van der Schyff om die geskiedenis van die TSP te boek te stel, is op 20 Junie 2001 deur die Kuratore ontvang. Hoewel die saak meriete het en die geskiedenis opgeteken moet word, het die Kuratore egter nie die middele om die koste te dek nie en is die aanbod van die hand gewys.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 2.5.9 Kommissie vir Finansiële Ondersteuning: Nuwe benaming en werkswyse (Ou Beursekomitee)

Daar is tans deur die kanale van die Finansiële Steundienste van die PU vir CHO buitelfondse teen billike voorwaardes aan studente beskikbaar. Tot 40% van die studiehulp word afgeskryf wanneer 'n student die studie suksesvol voltooi het. Die KFO bly steeds verantwoordelik om die student by te staan waar nodig en sal ook die student behulpsaam wees met die uiteindelijke verpligting nadat die studie afgehandel is.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 2.5.10 Toesighouding van Kuratore oor nie-beroepe doserende personeel

Die Kuratore het verskeie navrae ontvang na die toesighoudende funksie van die Kuratore oor nie-beroepe doserende personeel. Die Kuratorium het 'n Kommissie benoem wat saam met 'n Kommissie deur die universiteit aangewys, grondig moet kyk na die ooreenkoms tussen die PU vir CHO en die GKSA in die lig van veranderinge wat die afgelope tyd plaasgevind het soos die nuwe kurrikulum, arbeidswetgewing en die universiteitstruktuur. Die Kommissie kon in die lig van die huidige veranderinge in die universiteitstruktuur en –omgewing nog nie die opdrag afhandel nie.

Die bevoegdheid van die Kuratorium oor dit wat aan Kandidaatsstudente gedoseer word deur personeel van die PU vir CHO wat nie onder die toesig van die Kuratorium staan nie, is verskans in die huidige ooreenkoms tussen die GKSA en die PU vir CHO. In hierdie verband kan verwys word na punte 2.2, 3.2 en 4.4 van die ooreenkoms. Die Kuratore tree met die universiteit in gesprek wanneer sake rondom die onderrig van Kandidaatsstudente dit vereis. Indien 'n saak betreffende 'n dosent nie tot bevrediging van die Kuratore opgelos kan word nie, kan die Kuratorium weier dat hulle studente deur die dosent onderrig word. Die Kuratorium sal dan waarskynlik self vir die koste van 'n ander dosent moet instaan.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 2.5.11 Prof. JJ J van Rensburg: Navorsingsprojek: *Vrou in kerk en samelewing*

Die Kuratore het 13 navrae ontvang na die bewerings van prof. JJ J van Rensburg tydens 'n werkswinkel van die projek *Vrou in kerk en samelewing* van die Fakulteit Teologie. Die Kuratore het soos volg oor die saak geoordeel:

1. Prof Van Rensburg gee die versekering dat hy nie in sy navorsing oor die plek van die vrou in kerk en samelewing uitgaan van 'n ander vorm van Skrifverklaring as die Gereformeerde nie. Hy hou hom volledig aan die Gereformeerde hermeneutiese vertrekpunte, soos dit in die Rapport aan die Sinode van 1988 gestel is (Acta 1988:510).

*"Ek (Prof Van Rensburg) handhaaf volledig die Gereformeerde hermeneutiese vertrekpunte, soos ook op die Sinode van 1988 gestel. Juis op grond van hierdie vertrekpunte (by name dat Skrif met Skrif vergelyk moet word, en dat die sosio-historiese konteks van 'n Skrifdeel in die verstaan daarvan verreken moet word), is ek op hierdie stadium van my eie navorsing en eksegeese daarvan oortuig dat ons die gesag van die Skrif aantas indien ons die opdragte in 1 Kor 14:33-35 en 1 Tim 2:8-14 (waar beperkings op vroulike lidmate gelê word) verstaan asof dit ewiggeldende beginsels is waarvolgens vroue vir alle tye en in alle kulture in die erediens moet swyg (1 Kor 14), en nie mag onderrig gee (1 Tim 2) nie. Gegewe die besondere samelewingsomstandighede van die eerste lesers was dit tydelike maatreëls. Ewiggeldende beginsels is bv. Paulus se uitspraak in Gal 3:28 oor die eenheid van man en vrou in Christus en in Gen 2:18 oor die gelykheid van man en vrou".*

2. Hoewel prof. Van Rensburg daarby staan dat hy die hermeneutiese reëls van 1988 handhaaf, kom hy tot ander gevolgtrekkings oor die ter sake Skrifgedeeltes, naamlik 1 Kor 14 en 1 Tim 2 as wat tradisioneel die geval is en as wat Sinode 1988 daaroor besluit het. Hy kom tot die gevolgtrekking dat 1 Kor 14 en 1 Tim 2 bloot tydelike maatreëls vir daardie begintyd was. Prof. Van Rensburg is van mening dat die historiese konteks wat hierdie navorsing oor die plek van die vrou in die kerk en samelewing betref, 'n belangrike rol speel en in berekening gebring moet word. Dit wil egter voorkom of prof. Van Rensburg die sosio-historiese konteks, die samelewingsomstandighede en kultuur van daardie tyd, groter gewig gee wanneer bepaal moet word wat in die Skrif tydgebonde is, en wat ewiggeldende beginsels vir alle tye is. Hier gaan hy verder as die besluite van 1988 oor die vrou se posisie in die kerk.

Dit is duidelik dat hierdie wyse van Skrifhantering van prof. Van Rensburg die kern van die betrokke kerke se probleem met sy uitsprake is.

3. Die Kuratorium het prof. Fika van Rensburg in Junie 2001 geadviseer om in sy navorsing binne die besondere projek 'Vrou in kerk en samelewing' in uitsprake oor relevante Sinodebesluite hom te hou aan sy binding aan die Ondertekeningformulier en relevante Kerkorde-artikel (o.a. KO, artt.31, 46 en 53). Hy is dienooreenkomstig vermaan.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 2.5.12 Gesprek met broeders betrokke by die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel (VGL)

Na aanleiding van die artikels wat in die mondstuk van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel, *Waarheid en Dwaling* se uitgawe van 10 Oktober 2001

verskyn het en aan alle kerkrade versprei is, het die Kuratore in November 2001 besluit om 'n gesprek met die Vereniging aan te vra. Die Vereniging het ook in Januarie 2002 'n gesprek met die Kuratore aangevra. Die gesprek sou op 27 Mei 2002 plaasvind, maar is voorlopig uitgestel totdat eenstemmigheid oor die agenda van die gesprek verkry kon word. Die Kuratore het die Breë Dagbestuur versoek om in gesprek te tree met die broeders betrokke by die VGL, oor die wyse waarop die probleme van die Kuratore se kant en van die VGL se kant op 'n kerklike manier hanteer kan word.

**Besluit:** Kennis geneem.

## 2.5.13 Finansies

### 2.5.13.1 Finansiële state

Finansiële state sal deur die Administratiewe Buro verskaf word.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 2.5.13.2 Begrotings: 1 Julie 2000 tot 30 Junie 2003

NR	ITEM	Jun 2001	Jun 2002	Jun 2003
	<b>TOTAAL</b>	<b>1,783,758</b>	<b>1,556,636</b>	<b>1,869,723</b>
<b>A</b>	<b>PERSONEEL</b>	<b>1,541,758</b>	<b>1,616,188</b>	<b>1,771,613</b>
1	Traktement professore	1,160,031	1,274,825	1,431,549
2	Administratiewe Personeel	281,727	311,363	340,063
3	Ad hoc personeel	100,000	30,000	0
<b>B</b>	<b>ADMINISTRASIE</b>	<b>87,200</b>	<b>65,148</b>	<b>82,160</b>
1	Drukwerk	5,000	5,000	5,000
2	Skryfbehoeftes	6,000	6,000	
3	Fotostate/onderhoud aan masjien	23,000	18,000	26,000
4	Rekenaarfasiliteite	23,000	23,000	23,000
5	Sekuriteit	1,200	2,707	2,160
6	Skoonmaakmiddels	2,500	2,500	3,500
7	Toerusting	0	0	0
8	Vertaling Diktate	2,500	2,500	2,500
9	Telefoon	24,000	5,441	20,000
<b>C</b>	<b>WETENSKAPSDEELNAME</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>0</b>
<b>D</b>	<b>SUBSIDIES/TOELAES</b>	<b>14,800</b>	<b>15,300</b>	<b>15,950</b>
1	Rektorstoelaag	4,200	4,200	4,200
2	Viserektorstoelaag	2,600	2,600	2,600
3	Onthale/prom./aftree	2,500	2,500	2,750
4	Honorarium/geskenk	1,000	1,000	1,000
5	Kleinkas	4,000	4,000	4,400
6	Orrelis	500	1,000	1,000

<b>E</b>	<b>KOMMISSIE VIR FINANSIËLE ONDERSTEUNING UITGAWES</b>	<b>140,000</b>	<b>-140,000</b>	<b>0</b>
		<b>656,494</b>	<b>620,694</b>	<b>583,000</b>
1	Huisvesting Dennepark	85,154	80,391	
2	Maaltye	132,511	123,148	
3	Klasgelde + Registrasie	100,098	96,736	
4	Sakgeld	12,731	11,418	
5	Boekeleninge	28,000	21,001	25,000
6	Mediese Reserwe	25,000	25,000	25,000
7	Reiskoste	20,000	10,000	30,000
8	TSV/Koffie/Tee –studente	3,000	3,000	3,000
9	Teol. Studentekas Beurse	250,000	250,000	
10	Teologiese Opleiding			500,000
	<b>MOONTLIKE INKOMSTE</b>	<b>656,494</b>	<b>620,694</b>	<b>583,000</b>
1	Donasies, bemakings en kollekte (7 per jaar)	385,000	389,200	400,000
2	Rente op R50,000	5,000		
3	Sinode Soutpansberg	15,000		
4	Sinode Middellande	15,000		
5	Rente inkomste – HTS geboue		135,000	
6	Begroting TSP	140,000	(140,000)	
7	Teologiese Studentekas	96,494	236,494	183,000
	Ramings per belydende lidmaat	23.00	24.20	26.19

**Besluit:** Kennis geneem.

### 3. Aanvullende Rapport

'n Aanvullende Rapport sal ná die Kuratorevergadering van November 2002 ingedien word.

**Besluit:** Kennis geneem.

## J. AANVULLENDE RAPPORT

### 1. Sake vir kennisname deur die Sinode

Die Sinode kan van die volgende sake kennis neem:

#### 1.1 Die Breë Kuratore

Die Breë Kuratore het op 11 November 2002 'n beroepingsvergadering vir 'n professor in Dogmatiek en 'n professor in Missiologie gehou. Dr. CFC Coetzee is vir die onderrig van studente in Dogmatologiese vakke beroep. Ds. TD Mashau is vir Missiologie beroep.

#### 1.2 Die Senaat TSP

Die Kuratore het met dank kennis geneem van die besondere wyse waarop die Fakulteit Teologie die gereformeerde teologie wêreldwyd uitbou en beskikbaar stel.

##### 1.2.1 Publikasies

Sien ongepubliseerde Bylae C.



### 1.2.2 Konferensies en seminare

Sien ongepubliseerde Bylae C.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 1.3 Algemene sake

#### 1.3.1 Prof. MA Kruger

Die Kuratore het op 13 November 2002 die verslag oor die wetenskaplike studie wat volgens die ooreenkoms met prof. MA Kruger gedoen is, hanteer. Die Kuratore het besluit om vorige besluite oor prof. MA Kruger en die ooreenkoms wat met hom bereik is op 18 Julie 2001, te handhaaf, waarvolgens hy nie sy standpunt sal verkondig nie en waarvolgens die geformuleerde klag wat nie in behandeling geneem is nie, gestop is.

#### **Aanbeveling:**

3.1.1 Die Sinode neem kennis van 1.3.1

3.1.2 Die Sinode neem kennis dat:

3.1.2.1 Die akademiese gesprek tussen Prof. MA Kruger en die navorsingsgroep nie die problematiek ter tafel volledig opgelos het nie

**Besluit:** Kennis geneem.

3.1.2.2 Hierdie gesprek nie verder gevoer word nie

3.1.2.3 Prof. MA Kruger onderneem om nie sy standpunt propagandisties te verkondig nie

3.1.2.4 Die Kuratore derhalwe onderneem om die geformuleerde klagte teen Prof. Kruger, wat nog nie in behandeling geneem is nie, te stop.

**Besluit:** Goedgekeur.

#### 1.3.2 Hersiening van die ooreenkoms tussen die GKSA en die PU vir CHO

As gevolg van die voorstelle van die Minister van Onderwys oor die hele tersiêre onderwyssektor, is die universiteit tans in 'n proses van beplanning oor die wyse van samesmelting met ander tersiêre inrigtings. As gevolg hiervan het die Kuratore geoordeel dat die hersiening van die ooreenkoms eers gefinaliseer sal kan word wanneer volkome duidelikheid oor die aangeleentheid bestaan. Die Kuratore sal namens die GKSA die gesprekke en onderhandeling oor die ooreenkoms met die universiteit voer en tydens die volgende Sinode daarvoor rapporteer.

**Besluit:** Die Sinode gee volmag aan die Kuratore om namens die GKSA die ooreenkoms met die PU vir CHO in oorleg met die verteenwoordigers van die PU vir CHO te hersien of daarvolgens te handel.

#### 1.3.3 Voorlegging aan die Minister van Onderwys

Die Kuratore het in hul hoedanigheid as verteenwoordigers van die oorspronklike oprigters van die universiteit 'n voorlegging aan die Minister van Onderwys gedoen in reaksie op sy voorstel tot samesmelting. Die dokument word vir kennisname aan die Sinode voorgehou.

**Besluit:** Kennis geneem.

## **MERGER OF POTCHEFSTROOM UNIVERSITY FOR CHRISTIAN HIGHER EDUCATION AND THE UNIVERSITY OF NORTH WEST**

### **REPRESENTATION IN TERMS OF THE HIGHER EDUCATION ACT, 101 OF 1997, SECTION 23(2)(a) REGARDING THE NOTICE OF THE MINISTER OF EDUCATION IN THE GOVERNMENT GAZETTE OF 24 JUNE 2002**

#### **1. Introduction**

This document is the representation on behalf of the original founders of the PU for CHE to the honourable Minister of Education. Our requests, views and arguments are set out in response to the Minister's invitation published in the Government Gazette of 24 June 2002, no 23550, p 23.

This document is composed with due respect for and understanding of the basic objectives and ideals of the National Plan for Higher Education. We sincerely value and approve of its general aim.

#### **2. Request**

In our capacity as the official representatives of the original founders of the PU for CHE, we respectfully request the honourable Minister of Education, Prof Kader Asmal, to reconsider his decision regarding the merger of this University and the University of the North West and not to implement his proposal of a unitary merger between the two institutions. We would appreciate it if the two universities could be given the opportunity to continue with the negotiations and discussions among themselves and with the Ministry of Education so as to find solutions which would satisfy all the parties involved.

*The reasons for our request, as well as suggestions for possible alternative ways to achieve the national objectives of the higher education system are provided below.*

#### **3. The original founders of the PU for CHE and their representatives**

We would like to explain who the original founders of the PU for CHE and their representatives are.

##### **3.1 Original founders**

The original founders are the *Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* (GKSA). This denomination originated in the Transvaal in 1859 and immediately spread to the other provinces as well. Although it is a small denomination in comparison with the Dutch Reformed Church, it is regarded as a prominent Reformed church both nationally and internationally. It has close relations with various Reformed churches in the world, for instance the Christian Reformed Church in North America and Reformed churches in Canada, Australia, New Zealand, the Netherlands, Japan, Korea and Scotland.

In Southern Africa (including such neighbouring countries as Namibia, Zimbabwe, Mozambique, Botswana and Zambia) the GKSA exists among all the indigenous population groups. In other words, this is not an all-white denomination, but includes people of different race and language groups. The PU for CHE and the Potchefstroom Theological School already accommodate many learners hailing from all the various population groups.

### **3.2 The GKSA and the PU for CHE**

*The PU for CHE grew out of the GKSA, but has gained complete independence and now stands on its own feet. The GKSA is one of the Reformed denominations which celebrates the 350th anniversary of the Reformed religion and philosophy of life in 2002.*

The particular ethos and institutional culture of the PU for CHE are rooted in the Reformation of the 16<sup>th</sup> century. The Theological School of the GKSA, which was founded as early as 1869 with the object of preparing students not only for theology and the ministry but also for education and other occupations, also represents the birth of the PU for CHE

This does not make the PU for CHE unique, since several other Universities in the world (especially the older ones) have likewise originated in the church and grew out of a theological school.

The Theological School in Potchefstroom, which still exists and has a special relationship with the PU for CHE, moved from Burgersdorp in the then Cape Province to Potchefstroom in 1904. It is the oldest Theological School in the northern part of our country.

The *Gereformeerde Kerke in Southern Africa* (please note that it is not a white denomination, as explained above) decided as early as 1994 to unite all its theological schools, that is, in Potchefstroom, Hammanskraal and Thoyandou in Venda, into the Theological School Potchefstroom. By 1995, the Theological School of the GKSA was fully integrated and constitutes the major portion of the Faculty of Theology at the Potchefstroom University for CHE in terms of an agreement between the GKSA and the University. At present, between 50 and 60 percent of the students in the Faculty of Theology are black or coloured, and all courses are presented in both Afrikaans and English.

The Faculty of Theology educates theologians, ministers and counsellors for a variety of denominations, the most prominent of which is the GKSA, but also for English Churches (Reformed Churches, CESA) and a large number of independent churches. In addition, 14 other theological institutions in the RSA and abroad (Africa, Australasia and England) have obtained accreditation with us in terms of an agreement with the specific institution.

The PU for CHE started to stand on its own feet in 1920 when the university college was granted its own council. The GKSA was granted the right to appoint a number of members to University Council, namely 5 out of 13.

It is obvious that, although the PU for CHE originated in the GKSA, it ceased to be a church-controlled university after 1920. Particularly since 1951, when the University gained full independence, it has developed into a fully-fledged university which exists apart from the much smaller Theological School in Potchefstroom.

What is important, though, is that the GKSA has taken 100% responsibility for the University over a very long period. Even after its incorporation with Unisa in 1916, and subsequently in the 1920s, the PU for CHE received a smaller subsidy from the state than other universities. During all the years of the University's existence, the GKSA as the original founders and trustees, has remained an important donor of the PU for CHE and constitutes one of its most significant support bases.

### **3.3 Representative of the original founders**

*The Curatorium of the Theological School of the GKSA is the official representative of the original founders. Under the present statute of the University, the Curatorium has the right to appoint three members to the Council of the University.*

In view of its particular historical and juridical association with the PU for CHE, the Curatorium has carefully considered the proposal of the Minister of Education about the merger and has concluded that it should make a representation to him.

### **4. Documents relating to the merger**

We have made a careful study of the following documents which, in our opinion, clarify the Minister's decision.

- 4.1 Higher Education Act, 101 of 1997, as amended
- 4.2 National Plan for Higher Education
- 4.3 Report of the National Working Group
- 4.4 Transformation and restructuring: A new institutional landscape for Higher Education, June 2002
- 4.5 Memorandum of clarification on transformation and mergers in Higher Education, July 2002
- 4.6 Government Gazette, 21 June 2002, no 23549
- 4.7 Government Gazette, 24 June 2002, no 23550
- 4.8 Government Gazette, 26 June 2002, no 23559

### **5. Implications of the Ministry's decision**

The information in the documents listed under paragraph 4 makes it clear that the existence of the PU for CHE will summarily end after 133 years.

- Merging implies the termination of both institutions.
- Merging implies that the PU for CHE as well as the UNW must be replaced by a "single multicampus university".
- Merging implies that the only Christian university in the RSA, which has attracted many supporters from all over the country and abroad precisely because of its particular institutional culture and ethos, must be replaced by another institution which should have a different culture and ethos and which should be less universal and more regionally directed – a requirement which conflicts with the unique nature of a university which has to serve both the region and the universum by means of science.
- The Minister's proposal creates the impression that little respect and understanding are afforded to an institution which has required many sacrifices from its founders and subsequent supporters over many years to maintain it as an independent university and to supplement the highly appreciated but inadequate subsidy granted by the state.

### **6. Reasons for the merger according to the Government Gazette, 24 June 2002, no 23550**

*The reasons for the merger are clearly outlined. Although we agree that the reasons and objectives are of vital importance – for instance the issue of overcoming the apartheid-induced divisions and the general improvement of both institutions – we are*

*convinced that the PU for CHE has already proved to be in line with the set aims and objectives through the initiatives and constructive plans which are in a process of development and implementation.*

The PU for CHE is engaged in discussions and plans to establish a practical and meaningful structure of collaboration with the UNW, and the Curatorium believes that these efforts, which have been explained to the board of Curators, are sufficiently impressive and satisfactory.

## **7. The Higher Education Act, 101 of 1997**

*We are fully aware of the danger of an overly emotional reaction as a result of the long and close relationship between the University and the Theological School. Although the Minister's proposal undeniably evoked an emotional and probably justifiable reaction within the GKSA and among other stakeholders, we prefer to approach the matter from the perspective of whether the existence of the PU for CHE is reconcilable with the Higher Education Act, 101 of 1997, and the Constitution.*

Any objective assessment will clearly show that the culture and ethos of the University are consistent with the objectives of the Higher Education Act, 10 of 1997, as expressed in its preamble. We refer to a number of relevant parts:

“WHEREAS IT IS DESIRABLE TO –

PROMOTE the value that underlie an open and democratic society based on human dignity, equality and freedom;

RESPECT freedom of religion, belief and opinion;

RESPECT and encourage democracy, academic freedom, freedom of speech and expression, creativity, scholarship and research;

PURSUE excellence, promote the full realisation of the potential of every student and employee, tolerance of ideas and appreciation of diversity;

RESPOND to the needs of the Republic and of the communities served by the institutions. “

We are of the opinion that the PU for CHE, as a university with a specific Christian culture and ethos, is very well positioned to realise these values and challenges. The fatal flaw of the ideology of apartheid does not cancel or neutralise the real essence and particular values and principles of Christianity.

This institutional culture is deeply rooted. A substantial component of the student corps and staff come from all parts of South Africa, precisely because of its institutional culture.

The University forms an integral part of an international scholarly network composed of a wide variety of institutions, some with similar and others with different institutional cultures.

Whereas the University used to be associated with apartheid and its invidious implications, it has since contemplated its history and made a formal confession in this regard. It must be borne in mind that this University was founded long before the policy and/or practice of apartheid came into being.

Within this context we believe that the University can legitimately claim to be a proponent of the values as espoused in the Constitution, the Higher Education Act, 101 of 1997, and the specific ethos of the University.

We are therefore of the opinion that the unqualified implementation of the Minister's proposed merger will destroy the essence of the institutional culture and ethos of the PU for CHE. Should this happen, it would undoubtedly have an extremely negative effect on the valuable and enthusiastic support provided by the GKSA, one of the most important stakeholders of the University.

One of the most significant facts to be considered is that the specific Christian character and ethos of the University condemn and renounce any form of discrimination, separation or exclusion.

We believe that the University's institutional culture must be seen as a positive factor in promoting the ideal of a harmonious multicultural society.

## **8. The Constitution**

It is clear from the above that we as the GKSA, and in the light of our respect for the laws and particularly the Constitution of our country, would like to establish whether the existence of the PU for CHE is in harmony or consistent with the Constitution.

Relevant sections of the Constitution which were examined include sections 15 (freedom of religion), 16 (1)(d) (academic freedom and the freedom of scientific research), 18 (freedom of association), 29 (the right to education), 30 and 31 (language and culture), 9 (right to equality) and 36 (limitation clause).

We came to the conclusion that, although the University is not perfect and should continue to institute positive measures to remedy past inequities, the existence of the institution as a Christian university is not inconsistent with the Constitution.

If one approaches the proposal to merge the two institutions from a constitutional point of view, one has to conclude that it is impossible to justify such a proposal on the grounds that the existence of the PU for CHE is unconstitutional.

## **9. The University of the North West**

When one reads through the relevant documents, particularly the *Memorandum of clarification on transformation and mergers in Higher Education* (July/August 2002), it becomes obvious that something needs to be done urgently to assist and support the UNW. The arguments are quite convincing, for instance, that it would be to the benefit of the country, the region and the institutions to use initiative and stimulate ideas on some form of cooperation.

Reading between the lines, it seems that the real reason for the Minister's proposal is the unwholesome situation in which the UNW finds itself. We refer particularly to the remarks on page 26 of the said document (serious questions about such issues as reduced student numbers, sustainability, the university being a financial risk, and poor management systems).

The solution that presents itself to us is therefore: should one not consider alternative models instead of a merger (with all the negative consequences described above)? Will it be possible to negotiate with the two institutions to secure their sorely needed participation and enthusiasm and to devise a meaningful and practical solution?

## 10. Proposal

Our representation boils down to the following:

- 10.1 We respectfully request the Minister not to implement his proposal of a unitary merger between the PU for CHE and the UNW.
- 10.2 We would appreciate it if the two universities could be given the opportunity to continue with the negotiations and discussions among themselves and with the Ministry of Education so as to find solutions which would satisfy all the parties involved.

### 1.3.4 Gesprek oor gereformeerde teologiese opleiding

Die Sinode kan daarvan kennis neem dat daar tans gesprek gevoer word oor die wyse van teologiese onderrig en dat 'n verskeidenheid belanghebbendes by die gesprek betrokke is, waaronder die deputate van Sinode Soutpansberg en Sinode Middellande, asook sendelinge.

**Aanbeveling:** Die Sinode neem kennis van die genoemde sake.

**Besluit:** Kennis geneem.

## 2. Sake vir besluitneming deur die Sinode

### 2.1 *Kommissie vir Finansiële Ondersteuning (Ou Beursekomitee): Wysiging van die reglement van die Kas vir Teologiese Studente*

In die lig van wysigings in die verlening van finansiële ondersteuning aan studente het die Kuratore die Reglement van die Kas vir Teologiese Studente soos volg aangepas:

### **Reglement van die Kas vir Teologiese Studente**

#### 1. Doel

Die doel van hierdie Kas is om uitvoering te gee aan KO, art.19: "Die kerke moet soveel nodig sorg dat daar kandidate in die teologie is wat deur hulle ondersteun moet word". Dit beteken dat die kerke die verantwoordelikheid aanvaar om so ver dit in hulle vermoë is en waar nodig, finansiële hulp te verleen. Elke kandidaat is dus self verantwoordelik vir die finansiering van sy studie, en kandidate kan nie op volledige onderhoud aanspraak maak nie, maar hulle kan op die finansiële ondersteuning van die kerke deur middel van die Kas vir Teologiese Studente reken.

#### 2. Beheer

2.1 Die beheer van die Kas is aan die Kuratorium van die Teologiese Skool opgedra.

2.2 Die Kuratorium benoem 'n Kommissie vir Finansiële Ondersteuning (KFO) wat **volledig op alle aspekte** van die aansoeke om ondersteuning uit die Kas vir Teologiese Studente en die Jubileumfonds ingaan, die aansoeke behandel en aanbevelings by die Kuratorium maak.

2.3 Hierdie Kommissie kan ook laat aansoeke behandel en toekennings maak wanneer die Kuratorium nie in sitting is nie.

2.4 Die Kommissie bestaan uit die predikant(e) van elkeen van die Gereformeerde Kerke in Potchefstroom, twee teologiese professore wat deur die Kuratorium benoem word, en ampshalwe die Rektor van die Teologiese Skool en Kuratore deur die Kuratorium benoem, die Hoofamptenaar vir beurse en lenings van die PU

vir CHO, die Direkteur van die Administratiewe Buro en die Registrateur van die Teologiese Skool.

- 2.5 Die Kommissie kies self sy Voorsitter en Vise-voorsitter. Die sekretaris is die Registrateur van die Teologiese Skool.
- 2.6 Die Dagbestuur van die Kommissie bestaan uit die Voorsitter, Vise-voorsitter, die Sekretaris, die Direkteur van die Administratiewe Buro en die Hoofamptenaar vir beurse en lenings van die PU vir CHO, en lede deur die Kuratore aangewys.
- 2.7 Die Dagbestuur behandel laat aansoeke en sake wat die Kommissie na hom verwys.

### **3. Inkomste**

Die Kas verkry sy inkomste op die volgende wyse:

- 3.1 Kollekte en/of ramings soos van tyd tot tyd deur die Nasionale Sinodes bepaal.
- 3.2 **Kapitaalfonds**, soos opgebou deur erflatings en vrywillige skenkings, waarvan die rente vir ondersteuning gebruik word.
- 3.3 Die kapitaal mag vir lenings aan kandidate gebruik word.

### **4. Steun deur kerke**

- 4.1 Kerke word versoek om afsonderlik of gesamentlik in oorleg met die Kuratorium die ondersteuning van 'n Kandidaat vir hulle rekening te neem.
- 4.2 Waar kerke nog in terme van KO, art.19 'n spesifieke Kandidaat wil ondersteun, word hulle aangemoedig om hulle toekennings ter wille van koördinasie deur die Kuratorium te kanaliseer.

### **5. Kennisgewing**

Vier maande voor die vergadering van die Kuratorium in November gee die Skriba van die Kuratorium kennis dat aansoeke vir deursending na die Universiteit ingewag word. (Aansoekvorms van die PU word voortaan gebruik.)

### **6. Aansoeke**

- 6.1 'n Kandidaat wat aansoek doen, moet lidmaat van 'n Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wees.
- 6.2 Saam met 'n aansoek moet ook 'n mediese sertifikaat op 'n voorgeskrewe vorm ingedien word. (Die vorms is verkrygbaar by die Registrateur, Teologiese Skool, Posbus 20004, Noordbrug 2522.)
- 6.3 'n Aansoek moet op 'n voorgeskrewe vorm ingevul word.
- 6.4 Die Skriba van die Kuratorium vra 'n vertroulike verslag van die Kerkraad aan.

### **7. Ondersteuning**

- 7.1 'n Kandidaat wat hom as predikant in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wil bekwaam, kan ondersteuning uit hierdie Kas vir hoogstens ses jaar ontvang om hom in staat te stel om die nodige kwalifikasies te behaal om die Kandidaatsertifikaat te ontvang.
- 7.2 Die Kuratorium kan op aanbeveling van die KFO 'n kleiner of groter bedrag vasstel na gelang van die finansiële omstandighede van die kandidaat en/of geen toekenning maak nie.



7.3 Ondersteuning word volgens die volgende leidraad bepaal:

7.3.1 In oorleg met die Kuratorium en met inagneming van punte 3 en 4 van hierdie Reglement stel die Administratiewe Buro 'n **begroting** op wat (a) voorsiening maak vir die toekomstige delging van studieskuld en waaruit (b) die KFO toekennings maak vir addisionele ondersteuning ooreenkomstig hierdie begroting en die meriete van elke aansoek.

7.4 Voor die ondersteuning begin, moet 'n kandidaat, saam met twee **goedgekeurde** borge wat die ooreenkoms as medeskuldenaars onderteken, 'n skriftelike ooreenkoms met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aangaan.

7.5 Vir 'n kandidaat wat predikant in 'n Gereformeerde Kerk(e) (gemeentes) word, word die ondersteuning soos volg afgeskryf. Vir elke diensjaar word 'n jaar se ondersteuning afgeskryf, beginnende by die jaar waarin die eerste toekenning gemaak en uitbetaal is.

7.6 Word 'n kandidaat nie predikant nie of indien hy vir 'n korter tydperk predikant is as die jare waarvoor hy ondersteuning ontvang het (vgl 7.6) of verlaat hy die Universiteit of Teologiese Skool voor voltooiing van sy studies, word die ondersteuning wat hy ontvang het, dadelik in 'n lening omskep.

#### **7.7.1 Rentekoerse**

7.7.1.1 Rentekoerse sal gehef word vanaf die tydstop dat die kandidaat die Universiteit of die Teologiese Skool verlaat of vandat hy nie meer predikant is nie.

7.7.1.2 Geen rente word gehef terwyl 'n proponent wag op 'n beroep nie.

7.7.1.3 Rentekoerse sal van tyd tot tyd deur die Kuratorium na oorlegpleging met die Administratiewe Buro bepaal word.

#### **7.7.2 Tydperk van leningsdelging**

Lening word op 'n jaar vir jaar basis terugbetaal tensy anders met die Kuratorium ooreengekom word.

7.8 Verbreek 'n kandidaat/predikant wat die ondersteuning ontvang het sy verband met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika voordat die toekenning afgewerk is, is hy verplig om die ondersteuning binne dertig dae daarna terug te betaal.

7.9 'n Kandidaat wat sy studie met toestemming van die Kuratorium onderbreek, is verplig om die ondersteuning wat hy reeds ontvang het, gedurende die tyd van gegewe verlof terug te betaal, tensy die Kuratorium aan hom uitstel verleen.

7.10 Die Kuratorium sal aan kandidate deur die Administratiewe Buro op 'n gereelde basis state verskaf ten opsigte van hulle verpligtinge.

7.11 Enige ander lening (byvoorbeeld boeke, studiemateriaal, medies, ens.) is aan dieselfde voorwaardes onderhewig.

7.12 Vir enige ondersteuning wat in lenings omskep word, geld dieselfde bepalings as in ander lenings.

### **8. Proeftyd**

8.1 Die Kuratorium beskou die studiejare as 'n proeftyd vir die bekwaamheid en geskiktheid van 'n kandidaat om as herder en leraar op te tree.

8.2 As die Kuratorium mag besluit om by 'n kandidaat aan te beveel dat hy liewers 'n ander lewensroeping volg, word artikel 7.6 nie toegepas nie, **tensy die kandidaat die regstreekse oorsaak tot die versoek is a.g.v. tug. (Byvoorbeeld as gevolg van wangedrag, dwaalleer, ens.)**

## 9. Getroude kandidate

- 9.1 Getroude persone wat as kandidaat wil inskrywe, en kandidate wat reeds toegelaat is en wat wil trou, moet die Rektor kom spreek en waar nodig die Dagbestuur van die KFO om oor die finansiële ondersteuning wat die Kerke kan bied, ingelig te word.
- 9.2 Die Kuratorium verleen finansiële hulp aan getroude teologiese kandidate om hulle studie te voltooi, maar kan nie ten volle vir die finansiële verantwoordelikheid van die getroude kandidaat se gesin instaan nie (art.7.3.1 van die Reglement).
- 9.3 By die berekening van die hulp wat aan 'n getroude kandidaat verleen word, sal die totale inkomste van sy gesin in berekening gebring word.

## 10. Kapitaal, besit/beleggings van teologiese kandidate

Finansiële ondersteuning van teologiese kandidate is om hulle in staat te stel om hulle studie te kan voltooi en nie om kapitaal/beleggings/eiendomme te bekom/uit te bou/te bevorder/te onderhou of te behou nie.

## 11. Wysigings

Die Kuratorium mag onder sekere dringende omstandighede wysigings in die Reglement aanbring onderworpe aan die latere goedkeuring deur die Sinode.

**Aanbeveling:** Die Sinode keur die gewysigde reglement van die Kas vir Teologiese Studente goed.

**Besluit:** Goedgekeur.

### 2.2 Voorafbefondsing mediese versorging van professore

Sedert 1997 is daar vir predikante van die GKSA 'n stelsel van voorafbefondsing t.o.v. mediese versorging in werking. Voorsiening word egter nie vir professore gemaak nie. Die Sinode word versoek om goed te keur dat 'n meganisme deur die Trustees in oorleg met die Kuratore uitgewerk word om daarvoor voorsiening te maak.

**Aanbeveling:** Die Sinode keur 'n stelsel van voorafbefondsing t.o.v. mediese versorging van professore goed en versoek die trustees om in oorleg met die Kuratore 'n meganisme daarvoor uit te werk.

**Besluit:** Die punt word verwys na die Deputate vir Emeritaatsversorging.

## 24.2 RAPPORT VAN DIE DEPUTATE VIR GESPREK MET DIE DEPUTATE VAN SINODES SOUTPANSBERG EN MIDDELLANDE INSAKE EENHEID EN SAMEWERKING (Artt.93, 135)

- A. Prof. A le R du Plooy stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie : Teologiese Skool.
- C. Ds. JB du Plessis rapporteer namens die Kommissie : Teologiese Skool.

### D. RAPPORT

#### 1. Opdrag: Vgl Sinode 2000 (Acta:501, 3.2)

3.2 Die Sinode gee aan afgevaardigdes opdrag om:

- 3.2.1 *So gou moontlik die besluite van die Sinode insake bogenoemde Rapport: Deputate vir Korrespondensie met ander Nasionale Sinodes te vertaal en persoonlik aan die relevante Deputate van Sinodes Soutpansberg en Middellande oor te dra en met hulle te bespreek*
- 3.2.2 *Die vertaalde besluite betyds skriftelik aan die Sinodes Soutpansberg en Middellande oor te dra, en dit ook persoonlik by die eerskomende Sinodes van die kerke in Soutpansberg en Middellande met hulle te bespreek.*

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 2. Die sake waarvan die Sinode kennis neem

- 2.1 Die vergadering met die Deputate van Sinode Soutpansberg het op 22 Februarie 2000 in Louis Trichardt plaasgevind.
- 2.2 Die notule van die vergadering word hierby aangeheg as Bylae A.
- 2.3 Die opdrag om die besluite van ons Nasionale Sinode in Engels te vertaal en aan die ander twee Sinodes beskikbaar te stel, is uitgevoer. 'n Afskrif word hierby aangeheg as Bylae B.
- 2.4 Sedert die vorige Sinode van die GKSA in 2000 het Sinode Middellande nog nie vergader nie en kon 'n gesprek by hulle Sinode dus nie plaasvind nie. Gesprekke is wel met die betrokke Deputate van Sinode Middellande gevoer.
- 2.5 Soos uit die notule van 16 Februarie 2002 het die vergadering met die Deputate van Sinode Soutpansberg hoofsaaklik op die teologiese opleiding en Sinode Soutpansberg se betrokkenheid daarby gefokus.
- 2.6 Die Kuratore van die Teologiese Skool het op hulle beurt ook ernstig aandag gegee aan probleme wat Sinode Soutpansberg oor die teologiese opleiding geopper het.
- 2.7 Die Deputate het die saak t.o.v. kerklike strukturele aspekte met Sinode Soutpansberg behandel en later besluit om verdere gesprekvoering hieroor te verwys na die Deputate Ekumeniese sake wat 'n soortgelyke opdrag het.

**Besluit:** Kennis geneem. Die te benoemde Deputate word versoek om ernstig aandag te gee aan die feit dat dié Sinode sedert die Nasionale Sinode 2000 nog nie weer vergader het nie.

### **3. Aanbevelings**

- 3.1 Dat die Kuratorium voortgaan om aandag te gee aan die saak van eenheid en teologiese opleiding van studente uit al die Sinodes, soos ooreengekom met die ander Nasionale Sinodes (Acta 2000:500).
- 3.2 Dat die Sinode opnuut verklaar dat strukturele eenheid met die ander Nasionale Sinodes nagestreef word en saam met hulle daadwerklik tot uitvoer gebring word.
- 3.3 Dat Deputate in terme van KO, art.48 aangewys word om aan die aangeleentheid van strukturele eenheid en aanverwante sake aandag te gee. Dat onderlinge oorlegpleging tussen die te benoemde Deputate (KO, art.48) en die Kuratore sal plaasvind.

**Besluit:** Goedgekeur.

## **24.3 BESKRYWINGSPUNT VAN PARTIKULIERE SINODE OVS EN NATAL OOR OPLEIDING VAN PREDIKANTE (Artt.8, 110, 137)**

- A. Ds. HB Hattingh stel die Beskrywingspunt.
- B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie : Teologiese Skool.
- C. Ds. JB du Plessis rapporteer namens die Kommissie : Teologiese Skool.

### **D. BESKRYWINGSPUNT**

#### **1. Beskrywingspunt**

- 1.1 Dat onderneem word om dringend en ernstig te herbesin oor opleiding van predikante in die GKSA, in die lig van die kritieke bedieningsnood in veral swart, landelike en "township"-gemeentes
- 1.2 Dat gevolglik ingestem word om kandidate afkomstig uit 'n derde-wêreld konteks en wat in daardie konteks moet gaan werk by afstudering, te laat oplei by instellings goedgekeur deur die betrokke meerdere vergaderings in wie se ressort die betrokke student woon.

#### **2. Motivering**

- 2.1 Ondergetekendes het 'n bespreking van hierdie saak met die broeders van Klassis iTheku bygewoon op 24 Junie 2002 (sien Rapport van Deputate Skakeling met Klassis iTheku, 3.1.4), en is aangegryp deur die bedieningsnood van die kerke in landelike en township omgewings.
- 2.2 *Die bespreking het onder ander die volgende sake baie skerp in die fokus geplaas*
  - 2.2.1 Dit is van die grootste belang om, by die opleiding van predikante, die konteks waar die afgestudeerde kandidate gaan werk, in ag te neem.
  - 2.2.2 Ver al ten opsigte van gemeenskappe waar absolute armoede die norm is, en waar die kandidate wat aanmeld vir opleiding dikwels die enigste broodwinners (én enigste teenwoordige volwasse mans) in uitgebreide families is, is dit van ewe groot belang om tyds- en koste-effektiewe opleidingsmodelle te vind.
  - 2.2.3 Opleiding behoort as uitkomst onder andere die volgende te hê: vaardigheid in die hantering van die Bybel; die vermoë om God se waarheid op 'n verantwoorde

- en veral kultureel relevante wyse te hanteer; 'n persoon wat steeds verander word na die beeld van Christus onder leiding van die Heilige Gees; 'n persoon met goeie bedieningsvaardighede, wat moreel bo verdenking staan en 'n sterk missionêre visie het.
- 2.2.4 Kultureel relevante bediening word veral gedefinieer deur die nood van die gemeenskappe waarin dit plaasvind: hierdie nood moet grondig geken word, met deernis benader word en effektief aangespreek word uit die Woord van God.
- 2.2.5 Sommige van die kritiese sake wat die nood van die gemeenskappe in landelike en township gemeenskappe definieer, is:
- 2.2.5.1 Armoede – 45% en meer van die landelike swart bevolking is werkloos en leef in volstreekte armoede. Dikwels werk swart predikante in gemeentes waar tot 90% van lidmate werkloos is, met die gevolg dat die gemeente die predikant nie self kan onderhou nie. Dit skep ook 'n geweldige behoefte aan diakonale (barmhartigheds-) bediening;
- 2.2.5.2 VIGS – in KZN is 40% en meer van die bevolking reeds HIV+ (die hoogste infeksie-syfer in Suid-Afrika), en dit bring 'n hele kompleks van probleme daarmee saam: nog groter armoede, intense persoonlike lyding, ineenstorting van sosiale en gesinstrukture, weeskinders ens.;
- 2.2.5.3 Tradisionele wêreldbeskouing en sinkretisme – hoewel amper 80% van die swart bevolking aanspraak maak op Christenskap, dien ten minste 40% van hierdie mense steeds die voorvaders;
- 2.2.5.4 Groot groei in onafhanklike kerke met 'n charismatiese inslag plaas groot druk op reformatoriese kerke (dikwels weens gebrek aan sterk leierskap in lg. kerke);
- 2.2.5.5 Veral in townships is daar 'n groeiende gemeenskap van vlugteling elders uit Afrika, wat 'n geweldige sendingveld verteenwoordig, maar die mannekrag ontbreek totaal;
- 2.2.6 In die lig van bogenoemde behoort kurrikulering in opleiding bykomend aandag te gee aan sake soos die volgende:
- 2.2.6.1 goeie opleiding in Christelike rentmeesterskap en verantwoordelike finansiële bestuur, asook die didaktiese vaardigheid om dit in kerke aan lidmate te leer
- 2.2.6.2 teologiese besinning oor die finansiële onderhouding van predikante.
- 2.2.6.3 entrepreneursvaardighede wat predikante kan toerus om sowel in hulle eie as in die behoeftes van hulle gemeentes te voorsien; toerusting in die ontwikkeling van omvattende diakonale bediening
- 2.2.6.4 effektiewe pastorale hantering van VIGS by individue en as gemeenskapsprobleem
- 2.2.6.5 ten opsigte van die tradisionele wêreldbeskouing en sinkretisme: die konstante toepassing van alle leer-inhoud op hierdie kwessies, ten einde 'n hermeneuties-verantwoorde apologetiese bediening te vestig.
- 2.2.7 Ten opsigte van teologiese opleiding in Potchefstroom is die volgende sentiment uitgespreek: die opleiding is van 'n baie hoë kwaliteit en internasionale standaard, is deeglik gereformeer en baie omvattend, handhaaf Skrifgesag, én daar is bereidheid om swart professore in te faseer. Vir hierdie sake is daar baie groot waardering.
- 2.2.8 Tog is enkele kritiese opmerkings ook gemaak oor opleiding in Potchefstroom:

- 2.2.8.1 die totale opleiding is baie duur vir iemand uit 'n landelike omgewing en 'n agtergrond van volstreekte armoede, en het 'n baie negatiewe impak op die familie wat agterbly. Nie net is die jong mans wat aanmeld vir opleiding dikwels die enigste ekonomies-aktiewe lede van die baie uitgebreide families nie – hulle is dikwels ook die enigste volwasse mans in die families wat nog by die families teenwoordig is. Hulle afwesigheid tydens lang studiejare bring die gevaar daarmee saam van ineenstorting van gesinstrukture;
- 2.2.8.2 vir kandidate uit agtergeblewe gemeenskappe, met al die geestelike gawes wat nodig is om predikant te kan word, is die akademiese toelatingsvereistes van Potchefstroom dikwels nog te hoog;
- 2.2.8.3 die opleiding is nie spesifiek genoeg gefokus op die kulturele konteks waaruit die kandidate kom en waarin hulle weer moet gaan werk nie: dit is grootliks ontwerp vir die instandhouding van gevestigde, middelklas blanke gemeentes, en neem nie die unieke behoeftes van andersoortige gemeenskappe in ag nie;
- 2.2.8.4 opleiding is te teoreties-wetenskaplik vir die bedieningsbehoefte van die kerke waarin die kandidate moet gaan werk;
- 2.2.8.5 die opleiding lewer nie noodwendig predikante met 'n sterk ontwikkelde missionêre visie en vaardighede in evangelisasie en kerkplanting op nie;
- 2.2.8.6 kerke in veral arm landelike gebiede kan nie universitêr hoogs opgeleide predikante bekostig nie, en die afgestudeerde kandidate wil nie altyd terugkeer na die haglike omstandighede waaruit hulle kom nie;
- 2.2.8.7 al bogenoemde word egter ook gebalanseer deur politieke weerstand onder kandidate teen wat hulle sien as “minderwaardige plaaslike opleiding”.
- 2.2.9 Daar is dus die volgende behoeftes ten opsigte van opleiding onder die swart kerke (ten minste in die ressort van Klassis iTheku):
  - 2.2.9.1 meer diverse opleidingsmoontlikhede, veral met behulp van afstandsonderrig en in diens opleiding (met behulp van plaaslike predikante wat reeds goeie akademiese opleiding geniet én in die praktiese bediening staan in dieselfde omgewing waarin die kandidate (hopelik) gaan werk), maar steeds met monitering vanaf 'n sentrale plek soos Potchefstroom, om opleidingstandaarde en eenheid in opleiding te verseker;
  - 2.2.9.2 kritiese besinning oor die vraag of predikante in veral landelike gebiede werklik 'n string akademiese grade (selfs twee meestersgrade!) nodig het om effektiewe bedienaars van God se Woord te wees in hulle unieke konteks.
  - 2.2.10 Gereformeerde kerke het 'n ontsaglik belangrike rol te speel in sowel Suid-Afrika as in die res van Afrika, en stewige pastorale leierskap is hiervoor uiters noodsaaklik. As kerke behoort ons alles in ons vermoë te doen om hierdie leierskap te ontwikkel, ten einde so gou as moontlik, so deeglik as moontlik en so effektief as moontlik kandidate hiervoor op te lei – selfs met behulp van alternatiewe informele opleiding, indien nodig.

## **E. KOMMISSIERAPPORT**

**Aanbeveling:** Dat gevolg gegee word aan hierdie Beskrywingspunt en wel op die volgende wyse:

1. Dat 1.1 so goedgekeur word.

2. Dat 1.2 soos volg gewysig word: Dat die Kuratore saam met die opleidingsentra ondersoek doen op watter wyse kandidate opgelei kan word met die hulp en toesig van meerdere vergaderings in die gebied waar die kandidate woon, onder andere deur die gebruikmaking (vgl 1.3.4) en uitbreiding van die Telematiese leersisteme van die Fakulteit Teologie.

**Besluit:** Goedgekeur.

## 24.4 BESKRYWINGSPUNT VAN PARTIKULIERE SINODE OVS EN NATAL OOR ONDERRIG IN GEBED (Artt.8, 102)

- A. Ds. PK Lourens stel die Beskrywingspunt.  
B. **Besluit:** Daar word gevolg gegee aan die Beskrywingspunt.

### C. BESKRYWINGSPUNT

#### 1. Beskrywingspunt

Dat in die opleiding van predikante ook 'n studie gedoen moet word van gebed, as deel van die ampsbediening . Die uitvoering hiervan, hetsy deur 'n afsonderlike vak of deur 'n deeldisipline, word aan die kuratore opgedra.

#### 2. Motivering

- 2.1 Ten opsigte van die ensiklopedie van die teologie bestaan daar tans nie 'n vak wat spesifiek op die gebed fokus nie. Wanneer daar wel oor die gebed geskrywe word, soos by die dogmatiek, etiek en pastorale boeke, is dit 'n absolute onderafdeling daarvan. In 1988 het prof. JJ van der Walt alreeds in die rigting geskryf in die huldigingsbundel vir proff. JJ de Klerk en EPJ Kleynhans: "*Diensknegte van die Koning*".
- 2.2 Die Bybel bied basisteoretiese perspektiewe ten opsigte van die oorsprong, aard, wese, funksie en inhoud van die gebed wat wetenskaplik ontgin en gedoseer behoort te word.
- 2.3 Daar bestaan 'n groot leemte in die praktyk van gebedsbeoefening ten opsigte van bv:
- die aanroeping van God – die trinitariese karakter, asook die aanvangs- en voortgesette aanroep.
  - Die stilering in taal en styl
  - Die verhouding voorbidder en hoorder (gemeente/gelowige/gesin)
  - Inhoud
- (vgl die Th.M verhandeling van ds. PK Lourens, 2000)
- 2.4 Tans is gelowiges meerendeels aangewese op populêre geskryfte oor die gebed sonder dat die standpunte teologies gegrond en getoets is.

- 2.5 Predikante behoort wetenskaplik toegerus te word vir die uitvoering van hul amp in die verband. Hier wys ons daarop dat KO, art.16 die gebed in die ampswerk voorop stel: “*Die amp van die bedienaars van die Woord is om in die gebede ... te volhard.*” Die Bevestigingsformulier vir bedienaars van die Woord brei in punt 3 hierop uit: “*U moet die Naam van die Here in die erediens aanroep met skuldbelydenis, met lof- en danksegging, en u moet vir alle mense voorbidding doen.*”



## 25. BESWAARSKRIF VAN GEREFORMEERDE KERK PRETORIA TEEN 'N BESLUIT VAN DIE NASIONALE SINODE VAN DIE GKSA, JANUARIE 2000, INSAKE SPREEKBEURTE (Artt.8, 29, 179)

- A. Ds. HT de Villiers stel die Beswaarskrif.
- B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na die Ordekommissie.
- C. Ds. CA Jansen rapporteer namens die Ordekommissie.

### D. BESWAARSKRIF

#### 1. Beswaar

Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Pretoria teken beswaar aan teen die besluit van die Sinode 2000, p.32 van die Handeling, 3.2.1, wat lui:

"Besoekers kry geen spreekbeurt nie",

en 3.2.4: "By die behandeling van sake wat afgehandel kan word, asook Kommissierapporte, word slegs EEN spreekbeurt van 3-5 minute volgens 'n naamlys per afgevaardigde toegestaan.

#### 2. Motivering

2.1 Die besluit druis in teen die gees van die Skrif:

Matt 18:19: "As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is."

Hierdie liefde vir die waarheid word nie met hierdie besluit gedien nie, aangesien die drukte vir tyd oorheers.

Die besluit is nie in die belang van die Kerk van Christus nie.

2.2 Hierdie was 'n blote Rand-sent besluit.

Daar is by die Sinode 2000 by herhaling genoem hoe duur die Sinode is. Tot "Rand-per-minuut" is uitgewerk.

Dit is onverantwoordbaar, veral gesien in die lig van die Kerkgeskiedenis:

As voorbeeld word die Sinode van Dordrecht 1618-19 genoem, wat oor twee jare gestrek het. *Werk is daar gelewer wat vir die Kerk van belang sal bly tot aan die einde van die tyd.*

Met ons huidige gejaagdheid sal ons nooit sulke werk kan lewer nie.

Waar in Januarie 2000 oor baie belangrike beginselsake gehandel is, en by herhaling die afgelope jare geskryf is oor die belang van die sake, is dit tog belangrik dat broeders mekaar daarvoor vind in die lig van die Skrif.

2.3 Daar kan geredeneer word dat in-diepte bespreking aan Kommissies oorgelaat word, en iemand wat insette wou lewer met die Kommissies kon praat.

Daar is egter soveel belangrike sake waarvoor gehandel word, dat iemand wat 'n bydrae wou lewer hoogstens by een of twee Kommissies kan uitkom.

Daarby kom nog, dat as 'n Kommissie iets belangriks sou uitlaat, die "besoeker" geen kans kry om die Sinode se aandag daarop te vestig nie. So 'n persoon kan oor kennis van 'n saak beskik waarvan die *hele* Sinode moet kennis neem.

- 2.4 Die Voorsitter kan sprekers wat onnodig herhaal tot orde roep. As 'n spreker 'n daadwerklike bydrae kan lewer om eenstemmigheid te bereik, 'n Skriftuurlike beligting gee wat kan lei tot helderheid of 'n leemte in 'n Rapport aandui, behoort daar nie 'n onbehoorlike tydsbeperking gestel te word nie. Beide die Voorsitter en Ondervoorsitter is daar om aanvaarde vergaderingsprosedure te handhaaf. Enige afgevaardigde kan deur middel van 'n ordevoorstel 'n onordelike spreker tot orde laat roep. 'n "Besoeker" sal dus ook moet seker maak dat hy 'n werklike bydrae kan lewer voordat hy 'n spreekbeurt aanvra. As in aanmerking geneem word dat daar tog onnodige herhaling deur afgevaardigdes voorkom, is die swye wat ander opgelê word, onregverdig.
- 2.5 By mindere vergaderings was dit nog altyd die gebruik dat dienende kerkradslede wat nie afgevaardig is nie, spreekstem kry, en hulle word selfs toegelaat om te bly wanneer 'n vergadering in camera gaan. Daar is nie baie nie-afgevaardigdes op 'n Sinode nie, en in Januarie 2000 was daar byna geen aanvraag deur diesulkes vir spreekbeurte nie.
- 2.6 Vir baie ander sake is in 2000 tyd opsy gesit, bv: 'n ete by die PU vir CHO, 'n byeenkoms by die Gloria Victis-monument, vir sing van die "nuwe Psalms". Spreekbeurte is gegee aan verteenwoordigers van Radio Kansel, CNW-TV en andere, wat eerder ondervang kon word deur deeglike artikels in *Die Kerkblad*, waardeur die hele kerkverband bereik kon word. Selfs aan emeriti is kans gegee om "iets te sê" vir die Sinode. *In die lig hiervan is die genoemde beperkings op beide afgevaardigdes en nie-afgevaardigdes nie regverdigbaar nie.*

Hierdie Kerkraad versoek die Sinode gevolglik om genoemde besluite te herroep, om sodoende te verhoed dat die gevaar geloop word dat die Kerk van Christus en die Koninkryk van God onnoembare skade ly as gevolg van besluite wat nie werklik die aandag kry wat dit moet kry nie.

## **E. KOMMISSIERAPPORT**

### **1. Opdrag**

Om die Sinode te adviseer oor die Beswaarskrif.

**Besluit:** Kennis geneem.

### **2. Beredenering**

2.1 Die Beswaarskrif stel twee punte met betrekking tot spreekbeurte:

2.2.1 aan wie spreekbeurte verleen word.

2.2.2 hoeveelheid en tydsduur van spreekbeurte

2.2 Prinsipiël: aangesien dit in hierdie saak om orde en prosedure handel, moet onthou word dat 'n meerdere vergadering 'n kerklike vergadering is waarheen met Kredensiebrief afgevaardig word. Die Kredensiebrief gee las (opdrag) en volmag aan die afgevaardigdes. Dit is volgens hierdie las en volmag dat afgevaardigdes spreekstem en keurstem het. In hierdie lig is 'n meerdere vergadering nie 'n oop vergadering waar enigiemand reg op spreekstem het nie.

2.3 Prakties: elke vergadering bepaal sy eie orde. Dit geld ook van Sinode 2003. Wat as orde vir Sinode 2000 gegeld het kan nie van toepassing wees op al die komende Sinodes nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

### **3. Aanbeveling**

Dat die beswaar nie slaag nie

**Besluit:** Goedgekeur.